

# Bestuur van veld na 'n droogte

*Dr Louis du Pisani, NWKV Nasionale Bestuurder: Produksieadvies en ontwikkeling*

**Veld is veerkragtig en besit die vermoë om na afloop van 'n droogte te herstel. Hoe meer oordeelkundig die herstelproses, hoe beter die toekomstige produksie van die veld.**

Daar is twee komponente van die veld wat hier ter sprake is: die nuwe generasie plante wat verskyn en die plante wat die droogte oorleef het.

## **Nuwe generasie plante wat verskyn**

Die nuwe generasie plante ontstaan vanaf saad wat ontkiem en vestig, of vanaf plante wat as gevolg van vegetatiewe voortplanting ontwikkel, hetsy vanaf wortelstokke of bogrondse lopers. Hierdie nuwe generasie plante vervang die plante wat tydens die droogte gevrek het. Die saailinge wat vanaf saad ontstaan, is kwesbaar vir ontblaring vir solank as wat die plant uit die grond getrek kan word. As dit met die hand uitgetrek kan word, sal die weidende dier dit ook kan uittrek. Indien dít gebeur gaan 'n persentasie van die nuwe generasie plante verlore. Daarom moet die veld die eerste ruk na afloop van 'n droogte oordeelkundig bewei word.

## **Plante wat die droogte oorleef het**

Die plante wat die droogte oorleef het sal begin groei sodra dit begin reën. Hierdie aanvanklike groei vind met behulp van die plante se groeiereserwes plaas. In die geval van grasse is hierdie reserwes in die wortels gestoor. By bossies word dit in die stingels en die wortels gestoor, alhoewel hergroei

meestal uit die stingelreserwes plaasvind. Sodra die groen blare verskyn begin die plante fotosinteer. As die plante genoeg groen blare het om via fotosintese volledig in hul groeibehoeftes te voorsien, sal dit ophou om van die reserwes vanuit die wortels en stingels te gebruik vir groei. Indien die plante egter te gou na hergroei bewei word (voordat dit via fotosintese volledig in hul groeibehoeftes kan voorsien), sal dit voortdurend van die reserwes in die wortels en stingels onttrek.

Na afloop van 'n strawwe droogte is die plante se groeiereserwes redelik uitgeput. As die plant dan gedwing word om te veel en te aanhoudend van hierdie beperkte reserwes te onttrek, bestaan die moontlikheid dat van die plante (wat die droogte oorleef het) sal afsterf nadat die droogte gebreek is. Dit sal die toekomstige produktiwiteit van die veld baie benadeel. Dit is die tweede rede waarom veld na afloop van 'n droogte oordeelkundig bewei moet word.

Wat is die beste praktyke van beweiding na afloop van 'n droogte?

- Moenie te gou die veestapel vermeerder nie. Gee die veld eers kans om te herstel. Die veld het herstel sodra die plante aktief fotosinteer en nie meer van die groeiereserwes afhanklik is nie

en wanneer die nuwe generasie plante goed gevestig is.

- Indien beskikbaar, laat die diere eerste die aangeplante voerbronne op die plaas bewei totdat die veld voldoende herstel het.
- Indien dit nie moontlik is nie, bewei eerste daardie kampe wat die minste benadeel sal word deur beweiding, terwyl die meer kwesbare veld kans gegee word om te rus. Gewoonlik is berg- en ranteveld, asook kampe met harde, onsmaklike plante en vlak, klipperige grond, die beste om eerste te bewei. As daar nie sulke kampe beskikbaar is nie, kies enkele kampe wat 'opgeoffer' word, terwyl die res van die veld herstel. Hierdie kampe kan later spesiale behandeling kry om die skade te herstel. Probeer om tydens hierdie herstelfase voort te gaan om vir die diere aanvullende voeding te verskaf. Moenie die kampe oopgooi en die diere toelaat om na willekeur te vreet nie.
- Keer terug na die normale beweidingstelsel sodra die veld herstel het.

As daar nie 'n goeie weidingstelsel op die plaas is nie, is dit nou 'n goeie tyd om met een te begin.

*Rig enige navrae aan dr Du Pisani by 082 773 9778 of louis@nwga.co.za.*